


Die Voortrekkers



OFFISIERSHANDLEIDING

vir

Penkoppe en Drawwertjies

in

Graad 1

Uitgegee deur:

Die Voortrekkers, Posbus 12542,

QUEENSWOOD, 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, eerste druk 1995

Eerste hersiening, eerste druk 2001

Tweede uitgawe, eerste druk 2006

ISBN 1-874993-86-6

INHOUD

INLYWING	4
1 Inlywingsvereistes	5
EK AS MENS	11
1 Menswees	11
2 Versamelkuns	14
EK IN MY OMGEWING	16
1 Padveiligheid - Die Voetganger.....	16
2 Ons Natuur.....	17
3 Sporsny	19
4 Selfbehoud	22
5 Kampering en die Skuifknoop	26
EK AS VOORTREKKER	29
1 Die Voortrekkers.	29
2 Die Voortrekkers - Ons Span.....	30
3 Seremonie Vaardighede.....	31
4 Die Voortrekkerkode	33
5 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel.....	35
6 Sang	37
7 Spele	38
EK AS AFRIKANER	39
1 Kinderhelde – Racheljie De Beer	39
2 My Taal.....	40
EK AS LANDSBURGER.....	43
1 Die Geskiedenis van ons Volk en Land.....	43
2 Ons Vlae	46

Aan elke Spanoffisier

Baie welkom hier aan die begin van 'n opwindende jaar saam met jou span.

Om die span suksesvol en gemaklik te kan hanteer, benodig jy die basiese kursusse en die volgende literatuur:

1. *Offisiershandleiding vir Penkoppe en Drawwertjies in Graad 1.*
2. *Penkop en Drawwertjie Werkboek vir Graad 1.* (een vir elke kind in jou span)
3. *Spesialisasies vir Penkoppe en Drawwertjies.*
4. *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.* Hierdie boek kan jy van graad 1 tot graad 7 gebruik en met groot vrug selfs ook later.

Aan die einde van die jaar kan jeuglede wat die inhoud van die graad se werk suksesvol deurgewerk het, 'n oranje graadwielkenteken kry. Hierdie kenteken word op die erkenningsbaadjie aangebring. Die besonderhede oor die aanwerk van hierdie jaar se kentekens, sal u vind in die afdeling oor Voortrekkerdrag.

Sterkte en geniet jou span.

Nasionale Komitee vir Penkop- en Drawwertjiesake.

U het vanjaar 'n besondere geleentheid om te help bou aan 'n medemens en te vorm aan 'n burger van ons land. Baie voorspoed met u taak. Ons vertrou dat u aan die einde van die jaar na vele hoogtepunte sal kan terugkyk.

Mag ek die rede wees dat 'n kind sal sê:

My erfenis is vir my mooi.

Met dank en erkenning vir die samestelling en afronding van hierdie boeke aan:

Nell Smith, Maatjie Greyling,
Magriet Venter

INLYWING

Wanneer nuweling aansluit, is daar 'n paar sake wat spoedig en korrek afgehandel moet word. Lede kan dwarsdeur die jaar aansluit alhoewel die begin van die jaar meer wenslik is.

Taak van die Offisier

1. Deurgee van die nodige inligting aan ouers.
2. Uitgee van en ontvang van registrasievorms.
3. Toesien dat jeuglid geregistreer word.
4. Toesien dat jeuglid ledegeld betaal.

Taak van die Ouer

1. Vergewis homself van wie en wat *Die Voortrekkers* is.
2. Korrekte voltooiing van die registrasievorm.
3. Betaal van die voorgeskrewe gelde.
4. Meelewing en ondersteuning aan span en kommando.

Inligting vir die afhandeling van bogenoemde

Registrasie as lid van die Beweging: Registrasie geskied deurdat elke voornemende Voortrekker by die betrokke gebiedskantoor geregistreer word voordat hy aan Voortrekkeraktiwiteite mag deelneem.

Elke ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm voltooi en saam met die ledegeld aan die kommando terugbesorg. Die kommandodagbestuur moet sorg dat die registrasie plaasvind en die offisier se taak is eers afgehandel wanneer die registrasienommer terug ontvang is.

Voortrekkerdrag: Om eenvormigheid binne die Beweging te skep, is 'n voorgeskrewe drag vir alle lede nodig. Die Penkop en Drawwertjie dra 'n rooi, wit of blou gholfhemp met die geborduurde wapen, met 'n blou broek/romp, verkieslik van 'n denim materiaal.

As formele drag word die erkenningsbaadjie, waarop die kentekens aangewerk word, bo-oor die hempie gedra.

Inligting wat aan die ouers deurgegee moet word: Maak die nodige hoeveelheid afskrifte van die volgende of gebruik soortgelyke vorms wat deur u kommando verskaf word om die inligting aan die ouers te gee.

Kommandonaam:	Spannaam:
Adres	Offisier
Telefoon	Telefoon
Kommandoleier	Spanbyeenkoms:
Telefoon	Plek
	Tyd
Koste van:	Kampe:
Ledegeld per jaar	Spankamp
Betaalbaar teen	Kommandokamp
Gholfhemp	Oordkamp
Erkenningsbaadjie	Gebiedskamp
Kentekens	Uitstappies
Werkboek	Ander

Inlywings geleentheid:

Elke nuwe Penkop en Drawwertjie word tydens 'n amptelike geleentheid, wat normaalweg deur die kommando gereël word, ingelyf. Iets spesiaals moet van die geleentheid gemaak word en dit moenie as 'n lastige formaliteit afgehandel word nie. Die inlywing kan dalk bepalend wees hoe lank die jeuglid 'n Voortrekker sal bly.

Die ouers moet na die geleentheid uitgenooi word waartydens die nuwe jeuglid die belofte hardop aflê omdat hy graag 'n Voortrekker wil wees. Al die aanwesige Voortrekkers is in formele Voortrekkerdrag. Die aflê van die belofte is **altyd** 'n plegtige, formele geleentheid. 'n Spesiale persoon soos die Gebiedsleier, Oordleier, Kommandoleier of 'n Erelid neem die plegtigheid waar.

Die nuweling moet aan die volgende **inlywingsvereistes** voldoen:

1. Die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees.
2. Ledegeld betaal het.
3. Die Voortrekkerwapen kan herken.
4. Die Voortrekkervlag herken.
5. Die korrekte Voortrekkerdrag besit en dra.
6. Basiese drilbewegings naamlik: aandag en op die plek rus kan uitvoer.

1 INLYWINGSVEREISTES

1.1 DIE BELOFTE

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,
om gehoorsaam te wees,
om my volk, my land en my medemens te dien
en bo alles die Here lief te hê.

Wat is 'n Belofte?

1. 'n Belofte is 'n versekering (kontrak) om te doen wat ek gesê het, want my woord is my eer.
2. 'n Belofte moenie ligtelik gemaak word nie, want mens breek nie 'n belofte nie.
3. Wanneer 'n mens inwillig om iets te doen of by te dra tot iets, dan behoort jy ook bereid te wees om 'n belofte af te lê.
4. In die latere lewe word daar ook beloftes afgelê soos byvoorbeeld by belydenisaflegging in die kerk, die troubelofte en die doopbelofte. Beloftes aan meerderes, gelykes en minderes is ewe belangrik.

AANBIEDING

Probeer om die begrip tuis te bring deur middel van 'n storie, 'n poppekas of selfs 'n opvoering deur 'n ouer span. 'n Belofte moet nagekom word al word dit aan wie ook al gemaak. Daarom moet 'n mens baie seker wees voordat 'n belofte afgelê word.

Wat beteken die belofte?

Ek sal	gemotiveerd om iets te wil doen
oral	op enige plek
altyd	aanhoudend
probeer	al gaan ek dit nie die eerste keer regkry nie
'n Voortrekker te wees	alles te doen wat van my as Voortrekker verwag word
gehoorsaam	te luister sonder redekawel
my volk	die mense wat net soos ek leef, dink en doen
my land	die plek waar ek woon en sy mense
my medemens	die mense rondom my
te dien	om te gee vir ander en te help
bo alles	die belangrikste
die Here lief te hê	om aan Hom gehoorsaam en getrou te wees

Die Penkop en Drawwertjie moet die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees. Terwyl die belofte afgelê word, moet die saluut geneem word. Die aflê van die belofte is altyd 'n plegtige formele geleentheid. Die Penkoppe en Drawwertjies hou van aandag en moet op 'n plek ingelyf word waar hulle gesien kan word.

Wat doen jy met die Penkop en Drawwertjebelofte?

Die belofte word nie net eenmalig gebruik om die Penkop en Drawwertjie ingelyf te kry nie, maar moet voortdurend "gebruik" word, byvoorbeeld:

1. Dit kan aan die begin of einde van 'n spanbyeenkoms voorgelees word.
2. Die span kan dit saam opsê nadat spangodsdiens gehou is.
3. Die belofte en spanlied behoort 'n inskrywing op elke byeenkoms se program te wees.
4. Laat die Penkop en Drawwertjie, na sy inlywing, op die werksblad aantekene wanneer, deur wie en waar hy ingelyf is.

AANBIEDING

1. *Om die belofte bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoond kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
2. *Moenie alles tydens een geleentheid behandel nie, maar behandel die betekenis soos die belofte aangeleer word. Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle beloof het om sodoende koers aan hulle in die lewe te gee.*
3. *Gee aan die Penkop en Drawwertjie ook geleentheid om te sê hoe hy die betekenis van die belofte sien, stel reg waar nodig, maar luister fyn na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe jy moet optree om die regte leiding te gee.*

Wat doen jy met die Penkop en Drawwertjiebelofte?

Die belofte word nie net eenmalig gebruik om die Penkop en Drawwertjie ingelyf te kry nie, maar moet voortdurend "gebruik" word, byvoorbeeld:

1. Dit kan aan die begin of einde van 'n spanbyeenkoms voorgelees word.
2. Die span kan dit saam opsê nadat spangodsdiens gehou is.
3. Die belofte en spanlied behoort 'n inskrywing op elke byeenkoms se program te wees.
4. Laat die Penkop en Drawwertjie, na sy inlywing, op die werksblad aanteken wanneer, deur wie en waar hy ingelyf is.


AANBIEDING

1. *Om die belofte bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoond kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
2. *Moenie alles tydens een geleentheid behandel nie, maar behandel die betekenis soos die belofte aangeleer word. Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle beloof het om sodoende koers aan hulle in die lewe te gee.*
3. *Gee aan die Penkop en Drawwertjie ook geleentheid om te sê hoe hy die betekenis van die belofte sien, stel reg waar nodig, maar luister fyn na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe jy moet optree om die regte leiding te gee.*

1.2 DIE VOORTREKKERWAPEN

Hoe lyk die Voortrekkerwapen?


Die wapen bestaan uit die voorwiel van 'n kakebeenwa, 'n brandende fakkel en die leuse van *Die Voortrekkers* onderaan, naamlik "HOU KOERS". Die rooi, wit en blou van die Voortrekkervlag is ook die kleure van die wapen.



AANBIEDING

1. Laat hulle self vasstel waar die wapen op die formele Voortrekkerdrag voorkom.
2. Laat die Penkoppe en Drawwertjies die Voortrekkerwapen herken.

1.3 DIE VOORTREKKERVLAG



Die Voortrekkervlag

Die vlag bestaan uit rooi, wit en blou driehoëke. Die rooi driehoek is aan die bokant van die vlag met die skerp punt van die wit driehoek die naaste aan die vlagpaal. Die vlag was oorspronklik die vlag van die eertydse Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev. M. M. Jansen, voorgestel dat hierdie vlag vir *Die Voortrekkers* aanvaar word. Mev. Jansen het ook self die eerste vlag gemaak wat op 30 September 1931 deur genl J. B. M. Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig is.

AANBIEDING

- 1 Wys hoe die vlag lyk. Laat die spanlede die vlag hanteer en self die verskillende kleure en dele uitwys.
- 2 Wys hoe die vlag aan die paal hang en laat hulle self oplet watter kleur bo is.

1.4 VOORTREKKERDRAG

Die volgende kentekens moet voor inlywing op die nuweling se erkenningsbaadjie aangebring wees.

Groepkenteken


Voortrekkerwapen

Gebiedswapen

Kommandonaamlint

Spankenteken

Laat 10mm spasies tussen kentekens.



Vir inlywing is formeledrag 'n vereiste.

1.5 BASIESE DRILBEWEGINGS

Aandag.

Die bevel klink so: "A--a--n-dag"

Die "aan" gedeelte laat jou luister, op die "dag" gedeelte word die volgende beweging uitgevoer:

- Hou die regtervoet stil en die regterknie reguit.
- Sit jou linkervoet flink langs jou regtervoet neer.
- Almal se voete kom presies gelyktydig op die grond neer sonder **om dit te stamp**.
- Die arms beweeg gelyktydig na die sye.
- Die gewig is nou op albei voete.
- Die vingers is gebuig maar nie gebal nie.
- Die houding:
 - Liggaam is regop.
 - Kop regop en kyk reguit vorentoe.
 - Skouers is nie opgetrek nie maar effe na agter en die bors stoot natuurlik uit.
 - Die arms hang reguit van die skouers af.
 - Elmoë is teen die sye en die gewigte is reguit.



Die "aandag" posisie word gebruik waar 'n groep netjies moet aantree en/of respek moet betoon.

Op die plek rus

Die bevel klink so: "Op die pl--e--k- rus"

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit die linkervoet 'n entjie van die regtervoet af neer.
- Die gewig is op albei voete.
- Almal se voete kom gelyktydig op die grond neer sonder om te stamp.
- Saam met die voete beweeg die hande met die kortste pad na agter die rug.
- Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand en die regterduim is oor die linkerduim gekruis.
- Die houding is nou:
 - Die arms is gestrek agter die rug en die bene is reguit.
 - Die tone is effe na buite gedraai.
 - Kop regop en kyk vorentoe.
 - Die liggaam is nog steeds gestrek en flink.



"Op die plek rus" word gebruik om die groep tydens 'n seremonie gemaklik maar tog netjies te laat staan.

Aangesien die ontvang en die uitvoer van bevels vir die nuweling vreemd is, moet die basiese bewegings vir hom aangeleer word voordat hy ingelyf word.

EK AS MENS

1 MENSWEES

DOEL

1. Om by die Penkop en Drawwertjie goeie gewoontes ten opsigte van persoonlike higiëne in te skerp.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie die korrekte versorging van persoonlike besittings in te oefen.
3. Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot die identifisering met gesonde eetgewoontes.

INHOUD

1. Persoonlike higiëne.
2. Versorging van persoonlike besittings.
3. Gesonde eetgewoontes.

1.1 PERSOONLIKE HIGIËNE

Neem die volgende artikels na die spanvergadering:

tandeborsel	skoenborsel	waslap
seep	skropborsel	vadoek
haarrekkie	tandestokkie	vuil hemp
kam	afstoflap	reukweermiddel
naelvyl	tandepasta	tandevlos
sneesdoekie	handeroom	servet
voetpoeier	skêr	parfuum
skuurpoeier	skuursponsie	puimsteen

Ander artikels kan bygevoeg word.

AANBIEDING

1. Plaas die artikels op 'n tafel en vra die span om dit in hopies wat bymekaar pas te sorteer.
2. Die spanlede beantwoord die volgende vrae:
 - Waarvoor word die artikels gebruik?
 - Waarom het julle die hopies so bymekaar gesorteer?

Na aanleiding van dié antwoorde kan nog verdere vrae gevra word.

3. Verdeel die span nou in groepies en laat elke groepie 'n gesorteerde hokie neem en met al die artikels 'n storie beplan wat die gebruik van die artikels demonstreer. Die storie moet dan vir die ander lede van die span gespeel word. (Die hopies kan gesorteer wees in: persoonlike higiëne, oggendroetine, vir die hare, vir die naels en hande, vir bad en aantrek, algemene skoonmaakmiddels vir opruiming).

4. Die volgende vrae kan daarna gevra word:

- Is dit net mense wat hulleself skoonmaak?
- Waarom moet jy jou skoon en netjies versorg hou?

Lewer kommentaar na elke groepie se voorstelling en probeer die spanlede uitlok om oor die aspek van higiëne te praat.

1.2 VERSORGING VAN PERSOONLIKE BESITTINGS

AANBIEDING

1. Bring die volgende artikels na die spanvergadering: Hemde, broeke, knope, gare, naald, lap, skoenpolitoer, skoenlap en borsel.
2. Demonstreer hoe 'n hemp en broek opgevou word. Gee aan elke spanlid geleentheid om die broek en hemp netjies op te vou. Beoordeel die netheid van elke deelnemer en werk op 'n skaal van goed, baie goed en die beste.
3. Let op wie handig is en wie sukkel sodat die onhandige, motoriesgestremde of stadige kind spesiaal in die loop van die jaar ondersteun en aangemoedig kan word.
4. Demonstreer hoe 'n knoop aangewerk word en laat die spanlede dit ook doen en die lappie met die knoop in die werkboek plak.
5. Netjiese skoene. Vra een spanlid om instruksies te gee hoe skoene gepoets word terwyl nog een die handeling uitvoer. Die res van die span moet toekyk en raadgee hoe dit beter gedoen kan word of aandui waarom dit alles reg gedoen is, byvoorbeeld dat daar baie versigtig met skoenpolitoer gewerk en 'n ou koerant oopgesprei moet word om 'n gemors op die vloer te voorkom of dat buite op die gras daarmee gewerk word.
6. Die volgende vrae kan gevra word:
 - Waarom het ons vandag al hierdie dinge gedoen?
 - Waarom moet 'n mens sulke lastige dinge doen?
 - Watter sin is daarin om jou kas netjies reg te pak?
7. Voer 'n dialoog met die span sodat hulle self die redes aanvoer vir die noodsaaklikheid en sinvolheid van netheid en versorging.

Die sketse in die werkboek kan ter illustrasie gebruik word.

1.3 GESONDE EETGEWOONTES

AANBIEDING

1. Bring 'n versameling van ou glanstydskrifte en ou rekenaarpapier na die spanvergadering. Reël vooraf met die span om elkeen 'n skêr en gom saam te bring.
2. Verdeel die span in groepies van drie elk en gee aan elke groepie een van die volgende opdragte:
 - Groep 1 Soek en knip prentjies van gesonde kos vir ontbyt uit.
 - Groep 2 Soek en knip prentjies van gesonde kos vir 'n middagete uit.
 - Groep 3 Soek en knip prentjies van gesonde kos vir aandete uit.
 - Groep 4 Soek en knip prentjies van ongesonde kos uit.


Elke groepie plak die prente op die rekenaarpapier, wys hulle kunswerk en verduidelik wat hulle as gesonde en ongesonde kos beskou. Plak die prente in die spankamer of gee elkeen se kunswerk huis toe.

3. Luister noukeurig na elke groepie se verduideliking, doen aanvulling waar nodig en vra die volgende vrae:

- Wat is gesonde kos?
- Wat beteken ongesonde kos vir 'n mens?

Wenk:

Elkeen van die bogenoemde aktiwiteite neem ongeveer 30 tot 40 minute in beslag, moet dus nie alles op een dag probeer doen nie. Daarvoor is drie byeenkomsde nodig, maar dit kan egter ook op 'n spankamp gedoen word. Die onderwerpe kan een vir een saam met ander teoretiese onderwerpe aangebied word en kan sodoende as 'n lekker afwisseling dien.



2 VERSAMELKUNS

DOEL

Om deur geordende versameling die **beginsels** van **beplanning** by die Penkop en Drawwertjie tuis te bring.

INHOUD

1. Wat is 'n versameling?
 2. Soorte versamelings.
 3. Beginsels van beplanning.
 4. Hoe word 'n versameling versorg en bewaar?
-

2.1 WAT IS 'N VERSAMELING?

'n Versameling is 'n aantal artikels/voorwerpe met 'n gemeenskaplike eienskap, wat iemand met 'n bepaalde doel en 'n spesifieke belangstelling, versamel. Dit is belangrik dat die kind moet beseft dat dit wat versamel word, 'n "storie" moet oordra en dat dit nie bloot 'n hoeveelheid gesiglose artikels in 'n kartondoos is nie.

2.2 SOORTE VERSAMELINGS

Versamelings kan 'n baie wye reeks onderwerpe soos byvoorbeeld die volgende, dek.

- Seëls of kaartjies wat in boeke geplak word. Of
- Teelepels of vingerhoede wat op rakkies uitgestal word. Of
- Huishoudelike artikels wat 'n groot ruimte of vertrek benodig.

Elkeen het sy besondere behoeftes. Dit is dus belangrik dat die spanlede ingelig moet word oor die hanteerbaarheid van wat hy beplan om te versamel. Dit sluit die ruimte, koste en wat die versamelaar daaruit kan leer, in.

Om bloot 'n klomp blare in 'n boek te plak en die boom se naam daarby te skryf is regtig om die pad met die minste weerstand te volg en iets te skep wat weggegooi gaan word.

Die doel is meer om leiding te gee, soos die situasie en omstandighede dit vereis, as om reëls en prosedures neer te lê.

Hier volg 'n paar moontlikhede hoe die saak aangepak kan word:

1. Elke spanlid bring wat hy reeds versamel het en kry raad en leiding hoe om dit in 'n sinvolle versameling te omskep.
2. Elke spanlid kry 'n spesifieke opdrag wat hy moet versamel wat noodwendig by sy belangstelling moet pas.
3. Alle spanlede versamel dieselfde items, byvoorbeeld skryfblokpapier, en ruil dan onder mekaar uit. Hier kan die beginsel tuisgebring word dat ons met mekaar saamwerk.
4. Die span besluit op 'n tema vir 'n versameling. Almal help stukke versamel, beplan en werk saam sodat daar aan die einde van die jaar 'n puik spanversameling opgebou is, byvoorbeeld: ons land, prente en foto's van monumente, resepte van tipiese geregte, artikels uit die Groot Trek, Suid-Afrikaanse posseëls of 'n reeks oor ons plante.

Aspekte van die versameling kan aan afsonderlike spanlede toegewys word.

Dit is uiters belangrik dat watter metode ookal gevolg word, die kind iets moet leer, beleef en ervaar deur die versameling. Die werk wat in die spankamer gedoen word, moet dien as 'n motivering vir die kind om tuis sy eie versameling op te bou met die kennis wat hy by die spanvergadering opgedoen het.



2.3 BEGINSELS VAN BEPLANNING

1. Besluit wat jy wil versamel.
2. Weet waarom jy dit wil doen.
3. Doen deeglik "navorsing" oor die versameling:
 - Is dit bekostigbaar?
 - Is dit sinvol?
 - Kan dit in die beskikbare ruimte en bergplek ingepas word?
 - Is dit van enige waarde?
4. Beplan hoe die artikels versamel gaan word.
5. Sorg vir 'n veilige en geskikte bergplek sodat die artikels georden kan word.
6. Bepaal hoe die artikels georden moet word, byvoorbeeld volgens grootte, volgens vorm of volgens historiese verloop.
7. Besluit wat met duplikate gedoen moet word.
8. Besoek ander persone wat dieselfde of soortgelyke versamelings het en vra raad en wenke.

AANBIEDING

1. Laat die kinders die vrae in die werkboek beantwoord.
2. Laat elke kind sy versameling na die byeenkoms bring en aan die spanmaats verduidelik waarom hy op die spesifieke versameling besluit het.

2.4 HOE WORD 'N VERSAMELING VERSORG EN BEWAAR?

Omdat artikels met 'n spesifieke doel versamel word en vir die versamelaar belangrik is, moet dit goed versorg word.

Dit sal van die soort versameling afhang hoe dit versorg moet word. 'n Versameling goudvissies sal immers anders as 'n versameling teelepels behandel word. Die omstandighede en die soort versameling sal dus in ag geneem moet word wanneer raad en leiding gegee word.

1. Die versameling moet goed georden wees, soort by soort of op so 'n manier geliasseer word dat dit maklik gevind kan word.
2. Die versameling moet so saamgestel wees dat dit vir die versamelaar en vir ander 'n vreugde is.
3. Genoegsame bêreplek moet beskikbaar wees wat groot genoeg en geskik is vir die besondere versameling.
4. Let op die veiligheid van 'n versameling. Die kat moet byvoorbeeld nie die goudvisse kan bykom nie of 'n versameling messe moet buite die bereik van klein kinders gehou word.

EK IN MY OMGEWING

1 PADVEILIGHEID - DIE VOETGANGER

DOEL

Om veilige padgebruik deur 'n voetganger by die Penkop en Drawwertjie in te skerp en aan te moedig.

INHOUD

Padgebruikreëls vir voetgangers.

Die Nasionale Verkeers Veiligheidsraad (NVVR) is maar te gretig om deur middel van brosjures, boekies, plakkaat, films, ensovoorts te help. U kan dus alle nodige inligting by hulle bekom.

1. Gee veral aandag aan padtekens vir voetgangers.
2. Die optrede van die voetganger
 - Op 'n sypaadjie
 - By 'n zebra-kruising
 - In die straat
 - In 'n pad sonder 'n sypaadjie

AANBIEDING

1. *Neem die span na 'n voetgangeroorgang of voetgangersverkeerslig nadat u die basiese reëls met hulle behandel het. Kom die basiese reëls van 'n goeie voetganger na. Laat elke spanlid die straat veilig oorsteek.*
2. *Verkry 'n film of video by die NVVR en vertoon dit aan die spanlede (dit is gratis beskikbaar).*
3. *Laat hulle die gediggie in die werkboek leer en die verkeerslig inkleur.*
4. *Kyk na die illustrasie in die kind se werkboek. Verdeel die span in twee groepe en gee aan elke groep 'n beurt om te sê of 'n illustrasie reg of verkeerd is. Ken 'n punt toe vir elke regte antwoord en die groep met die meeste punte is die wenners!*

2 ONS NATUUR

DOEL

Om aan die Penkop en Drawwertjie die geleentheid te gee om met die natuur en die bewaring daarvan kennis te maak.

INHOUD

1. Die son.
2. Die lug.
3. Die water.
4. Die grond.
5. Die plante.
6. Die diere.

Die natuur bestaan uit lewende en nie-lewende elemente soos grond, rotse, plante, diere en die mens. Die mens is ook deel van die natuur en is vir sy voortbestaan daarvan afhanklik. Daarom moet ons die natuur bewaar.

Die volgende elementêre inligting moet aan die kind oorgedra word.

2.1 DIE SON

Die son is die basis van alle lewe. Sonder die son sal alles doodgaan en met ys bedek wees. Die son verskaf energie en alle lewende wesens het die energie nodig om te groei en te ontwikkel. As ons die lug besoedel met gas en rook, versteur ons die luglaag om die aarde. Die son se strale brand dan feller neer op die aarde en verhit die aarde al hoe meer.

2.2 DIE LUG

Wanneer mense en diere asemhaal, asem hulle suurstof in en blaas koolsuurgas uit. Plante haal ook asem, maar hulle neem koolsuurgas op en stel suurstof vry. Plante, mense en diere het mekaar dus nodig om te kan leef. Sonder die suurstof wat die plante vrystel, sal ons nie kan asemhaal nie. As gevolg van die moderne leefwyse word baie gas en rook in die lug vrygestel. Dit het 'n nadelige uitwerking op die plant, mens en dier.

2.3 DIE WATER

Die grootste deel van ons land is warm en droog, daarom is water dikwels skaars. Die see (soutwater) en riviere, mere en damme (varswater) is belangrike hulpbronne waarsonder ons nie kan klaarkom nie. Mense, diere en plante het elke dag water nodig. Oop waterbronne soos riviere, damme en die see, word maklik besoedel terwyl dit juis hulle is wat verseker dat verdamping kan plaasvind. Dit is waar die reën, waarsonder niks kan bestaan nie, vandaan kom.

2.4 DIE GROND

Die grond bevat die voedingstowwe wat plante nodig het om te kan groei. Die plante word deur sommige diere gevreet en die mens plant byvoorbeeld mielies, koring, vrugte en groente vir voedsel. Grond kan onvrugbaar word weens te veel gifstowwe, onkruid en afvalstowwe soos olie, plastieksakke en blikke wat nie verweer nie.

2.5 DIE PLANTE


Ons land het baie plantesoorte. Plante maak deel uit van die voedsel van mense en diere. Dit beskerm ook die aarde teen oormatige verhitting en verskaf skaduwee vir mens en dier. Ons weet ook reeds dat ons plante nodig het om asem te haal. Plante kan vrek weens 'n gebrek aan water en skoon lug.

2.6 DIE DIERE

Suid-Afrika het ook baie diersoorte. Dink maar aan die wildsbokke, roofdiere, voëls, visse en insekte. Die mens gebruik ook diere vir voedsel soos beeste, skape, varke, hoenders en visse. Wildsbokke is ook voedsel vir roofdiere. Diere sal sterf as daar nie meer genoeg kos en skoon water is nie.

AANBIEDING

1. Die onderwerp moet liefsvol op 'n kamp of op 'n daguitstappie in die veld behandel word. Vermy 'n klaskamersituasie en bespreek die natuurverskynsels heel informeel soos daar deur die veld gestap word.
2. Die hoofdoel is die bewusmaking van die omgewing en nie soseer die oordra van kennis nie.
3. Om hierdie interaksie aan die kind te verduidelik kan u die volgende demonstrasie doen. Gebruik ses ewe groot blikke waarop die volgende etikette geplak is: Water, grond, lug, plante, diere, mens. Vertel die skeppingsverhaal uit die Bybel en plaas die blikkies in die volgorde van die skepping neer. Sien skets. Wanneer enige van die onderste vyf blikkies verwyder word, sal die ander blikkies omtuimel. Dit is net wanneer die mens weggeneem word wat die ander sal bly staan. Al is die mens die kroon van die skepping, kan die ander natuurelemente sonder hom voortbestaan. Die mens het egter al hierdie elemente nodig vir sy voortbestaan.



4. Maak die spanlede deeglik bewus van ons afhanklikheid van die natuur. Laat hulle opnoem wat hulle kan doen om die natuur te bewaar.
5. Plak ook prente van ons mooi land en natuur in die werkboek of op 'n plakkaat vir die spankamer.

3 SPOORSNY

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie te laat kennis maak met die vier windrigtings en basiese spoorsny.

INHOUD

1. Spoorsny.
 2. Windrigtings.
-

3.1 SPOORSNY

Spoorsny is 'n nuwe woord wat die kind waarskynlik nog nie ken nie en kan so verduidelik word: Verdeel die woord in twee dele. Die eerste deel is **spoor**. As jy op die sand trap, bly jou spore daar. As jou hond saam met jou is, bly sy spore ook in die sand. As jy baie mooi kyk, kan jy miskien die spore van 'n voëltjie of 'n goggatjie ook sien. Loop nou al langs jou eie spore terug en dan kom jy weer op die plek waar jy begin het.

Die tweede deel van die woord is **sny**. Toe jy teruggestap het, het jy jou eie spore gesoek en sodoende jou pad teruggevind. Die soek na jou eie spore is dieselfde as sny. Die woordjie sny is 'n ander woord vir soek. Dus spoorsny of spoorsoek. Hierdie speletjie sal net deug waar 'n spoor duidelik op die grond gesien kan word.

Maar wat doen ons nou op ander plekke waar ons nie die spore kan sien nie, soos byvoorbeeld in die dorp op die sypaadjie, of in die veld tussen klippe en gras? Dan maak ons soos Hansie en Grietjie en lê jou eie spoor wat gevolg kan word. In hierdie geval word daar net nie wit klippies of broodkrummels gebruik nie, maar die Voortrekkertekens. Die tekens kan vooraf op papier of karton gemaak word of natuurlike materiaal soos stokke, klippe, gras en boombas kan gebruik word.

By spoorsny moet die volgende reëls nagekom word:

1. Bly bymekaar en moenie vooruithardloop nie.
2. Luister na die leier.
3. Beweeg so stil moontlik.
4. Moenie die spoorsnytekens beskadig nie, want dit mag dalk weer benodig word.
5. Verwyder alle spoorsnytekens na afloop van die aktiwiteit.

Die kinders moet vertrou wees met die spoorsnytekens soos in die werkboek afgebeeld:

Die PYL

Die pyl beteken: volg hierdie rigting.

Die DUBBELPYL

By 'n uitdraaipad kan ook die dubbelpyl gebruik word. Dit beteken volg die een of die ander pad.

Die KRUIS


Nog 'n teken wat gebruik word, is die kruis. Dit beteken verkeerde pad of moenie hierdie pad volg nie.

AANBIEDING

1. Gee die inleidende praatjie oor spoorsny.
2. Wys die spoorsnytekens en verduidelik die betekenis daarvan. Maak groot plakkate met die tekens. Pak die tekens ook met stokkies en ander met klippe uit.
3. Praat oor die reëls van spoorsny en waarom dit toegepas moet word.
4. Vra 'n spanvoog of 'n ander span om 'n spoor te lê en volg dit saam met die span sodat u kan leiding gee en reghelp.
5. Lê later weer 'n spoor wat die spanlede op hul eie kan volg.
6. Sorg dat elke spanlid 'n bord beskikbaar het - hulle kan dit saambring of dit kan verskaf word. Maak gips aan, gooi dit in die bord en laat elkeen dan versigtig 'n spoor in die gips trap of sy hand daarin afdruk.
 - Dit is wys om die “resep” hoe die gips aangemaak moet word, by die verkoper uit te vind aangesien daar verskillende soorte gips is.
 - 'n Praktiese bepaling van die hoeveelheid gips teenoor water, is die volgende: Neem die hoeveelheid water wat nodig is vir die projek. Voeg die gipspoeier stadig by. Aanvanklik gaan die gips effens oplos en dan gaan 'n torinkie gips begin vorm. Sodra die gipstorinkie die bokant van die water bereik, het u die regte verhouding. Meng nou net deeglik.

3.2 WINDRIGTINGS

Die vier windrigtings is Noord, Suid, Oos en Wes en kan aan die hand van die volgende skets verduidelik word:



Hou in gedagte dat hierdie die begin van kaartwerk is en hou dus op papier altyd die Noord aan die bokant van die papier.

Vir graad 1 is dit nodig om te weet dat die son in die Ooste opkom en in die Weste ondergaan en daarom gebruik kan word om rigting te bepaal.

AANBIEDING

1. Skryf die name van die vier windrigtings op afsonderlike kaartjies.

Plaas die vier kaartjies volgens die kompasrigtings en laat die spanlede met hul gesigte na die ooste toe staan en die arms uitgestrek na noord en suid. Wes is dan noodwendig aan hulle agterkant. Maak seker dat almal dit verstaan.
2. Laat die span dan die onderstaande rigtingspeletjies speel en herhaal dit deur die jaar sodat die kennis geleidelik by die spanlede tuisgebring word.

Winde:

Vier spanlede stel winde uit suid, noord, oos en wes voor. Die res is blare en staan in die middel. Die offisier roep dan: "Die wind kom uit die weste!" Die westewind hardloop na die blare en probeer hulle aanraak terwyl die blare in die rigting van die ooste hardloop en agter die oostewind gaan staan. Die wat deur die westewind aangeraak is, gaan agter die westewind staan en bly daar solank die speletjie duur. Die wat die langste onaangeraak bly, het gewen. Dieselfde gebeur wanneer een van die ander rigtings genoem word. As daar 'n warrelwind is, hardloop al vier die winde en die blare moet weghardloop. Hierdie speletjie gee die spanlede 'n idee van die verskillende windrigtings. Plaas die winde geografies korrek.

Roetespeletjie:

Identifiseer die vier windrigtings en dui dit met 'n kaart aan. Plaas die kaarte op die terrein waar die spanbyeenkoms gehou word sodat die spanlede dit kan sien en as rigtingwysers kan gebruik om 'n eenvoudige roete te stap. Neem byvoorbeeld 10 tree suid en 5 tree oos. Gee 'n paar sulke stappe en versteek 'n lekkertjie of verrassing aan die einde van die roete.

Noord

Wes **Oos**

Suid

4 SELFBEHOUD

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van huishoudelike gevare.
2. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van gemeenskapsgehare.
3. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die voorkoming daarvan.
4. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van waar om hulp te kry.

INHOUD

1. Elektrisiteit.
 2. Swembaddens.
 3. Medisyne.
 4. Ontvoering.
 5. Molestering
-

4.1 ELEKTRISITEIT

Elektrisiteit is baie handig in die huis, want die yskas, wasmasjien en stofsuier werk daarmee, asook die boor en saag. As ons nie baie versigtig met elektrisiteit is nie, kan dit baie gevaarlik wees en 'n mens selfs doodskok.

Ter wille van veiligheid moet die volgende aspekte in gedagte gehou word.

1. Moet nooit met nat hande aan 'n elektriese skakelaar raak nie.
2. Moenie by 'n muurprop lol of speel nie.
3. Moenie 'n prop uittrek as dit nie afgeskakel is nie.
4. Sê as jy sien dat 'n kragdraad stukkend is.
5. Pasop vir drade wat nat is.
6. Moenie elektriese apparaat aan- of afskakel as iemand jou nie gewys het hoe om dit te doen nie.

AANBIEDING

Bespreek die onderwerpe op die vlak waar die kind daarmee te doen kry.

1. *Bespreek die gevare, maar beklemtoon die korrekte gebruik van alle huishoudelike apparaat.*
2. *Oefen die gebruik van 'n ketel, rooster, haardroeër en stofsuier prakties met die span. Onthou die prop word EERS ingedruk en dan aangeskakel, eers afgeskakel, dan uitgetrek, ensovoorts. Ons volwassenes se voorbeeld is nie altyd reg nie, omdat ons haastig is en vergeet dat ogies ons dophou.*

4.2 SWEMBADDENS

Dit is heerlik om 'n swembad te hê, maar dit kan baie gevaarlik wees as die volgende reëls nie nagekom word nie:

1. Moet nooit alleen gaan swem nie.
2. Moenie snaakse dinge in die water aanvang nie.
3. Moenie om die swembad hardloop nie, maar stap altyd.
4. Verwyder die skoonmaker voordat jy gaan swem.
5. Moenie gaan swem net nadat jy geëet het nie.
6. Moenie probeer braaf wees en onverantwoordelike dinge aanvang nie.
7. Moenie ander in die swembad instamp nie.
8. Swem altyd aan die vlakkant.



AANBIEDING

1. *Moedig kinders aan om te leer swem en so die vrees vir water te oorkom.*
2. *Beklemtoon dat 'n mens versigtig in 'n swembad speel en veral nie iemand se kop onder die water druk nie. Dit moet in elk geval ook nie eers in 'n skottel water of in 'n bad gedoen word nie.*
3. *Wys gevaarlike speletjies by die swembad uit, byvoorbeeld om mekaar rondom die swembad te jaag, om mekaar in die water te stamp, om van mure of stoele af in die water te spring.*
4. *Vertel van die gevare om alleen te swem.*
5. *Wys die gevaar uit om net na ete te gaan swem (krampe).*

Dit sal baie effektief wees as die span saam kan swem om toe te pas wat hulle geleer het. Die offisier kan dan ook veilige speletjies by en in die swembad vir die kinders aanleer.

4.3 MEDISYNE

Medisyne word gegee vir mense wat siek is. Die dokter weet watter siekte jy het en sal dan vir jou medisyne daarvoor gee. Op die bottel staan ook hoeveel medisyne gedrink moet word. As jy die verkeerde medisyne of te veel daarvan drink, kan jy baie siek word of selfs doodgaan.

1. Moet nooit self medisyne of pille neem om te drink nie, maar vra altyd eers vir Mamma.
2. Al het pille soms mooi kleure, is dit nie lekkers nie. Jy moet dit nie eet as jy nie weet wat dit is nie.
3. Moet nooit iemand anders se medisyne drink nie, want dit kan jou baie siek maak of selfs doodmaak.
4. Vra vir mamma om die medisyne toe te sluit sodat jou klein boetie of sussie dit nie kan bykom nie.
5. Moenie aanvaar dat daar altyd koel drank in 'n koel drankbottel is nie, omdat baie mense gif daarin bêre.
6. Moenie jou medisyne vir 'n maatjie gee nie, want die dokter het dit net vir jou gegee vir jou spesifieke soort siekte.

AANBIEDING

1. *Beklemtoon die korrekte gebruik van medisyne volgens die voorskrif van die dokter.*
2. *Beklemtoon dat NET 'n volwassene vir jou medisyne moet gee.*

3. Gesels oor waar medisyne gebêre word.
4. Besoek 'n apteek en laat die apteker met die span gesels.



4.4 ONTVOERING

(Geen toepassing kom nie in die werkboek voor nie, maar moet wel behandel word.)

Net soos daar stout kinders is, is daar ook stout grootmense. Hulle doen verkeerde dinge en neem kinders weg van hul ouers. Daarom moet ons baie versigtig wees en die volgende nakom:

1. Sê altyd vir mamma waarheen jy gaan, saam met wie en hoe laat jy terug sal wees. Jy moet jou woord hou en betyds terugwees anders raak mamma bekommerd.
2. Moet nooit nader gaan as mense jou uit 'n motor roep of lekkers aanbied nie.
3. Moet nooit in 'n motor klim by mense wat jy nie ken nie.
4. Moenie die deur oopmaak wanneer iemand aanklop wat jy nie ken nie. Probeer vasstel wie dit is en wat hy wil hê sonder om die deur by die huis oop te maak. Dit geld ook byvoorbeeld as jy vir mamma in die motor wag.
5. Moenie sê dat jy alleen tuis is nie.
6. Vertel dadelik aan 'n persoon wat jy vertrou as iemand met jou gelol het.
7. Moedig kinders aan om in groepe te stap en te speel. Gevaarlike speelplekke moet uitgewys en bespreek word.
8. Wanneer hulle saam met hulle ouers na 'n besigheidsentrum gaan, moet hulle altyd by die ouers bly en nie eers alleen kleedkamers toe gaan nie.
9. Moet nooit na donker alleen uit die huis gaan nie.

AANBIEDING

1. Gebruik die bostaande inligting in die gebruikstaal (hulle sal dan meer "oopmaak") van die kind om die onderwerp te bespreek. Knoop 'n gesprek om elkeen van die punte aan.
2. Leer die span om hulle volle name, adres en telefoonnommer, asook 'n noodnommer, byvoorbeeld dié van hulle ouma te onthou of êrens neer te skryf.
3. Speel speletjies soos "wat sal jy doen as iemand stilhou en jou 'n geleentheid aanbied om saam te ry?" Gebruik 'n medium soos handpoppe, wat nie 'n bedreiging vir die kind is nie, vir rolspel.



4.5 MOLESTERING

(Hierdie onderwerp kom nie in die werkboek voor nie, maar moet tog behandel word.)

Indien u as offisier nie oor die voldoende kennis beskik of nie gemaklik voel met die onderwerp nie, moet u nie huiwer om eerder 'n kundige persoon te nader vir hulp nie.

Jou liggaam behoort net aan jouself en jy kan sê of ander mense aan jou mag raak of nie. As grootmense aan jou liggaam wil vat of iets met jou wil doen waarvan jy nie hou nie, moet jy dadelik sê: NEE. Hardloop dan vinnig weg en vertel jou ouers daarvan.

Beklemtoon die volgende:

1. Kinders moet nooit laat blyk dat hulle alleen is wanneer hulle die telefoon beantwoord nie. Hulle kan byvoorbeeld sê: "Mamma kan nie nou na die telefoon kom nie, sy sal later terugskakel".
2. 'n Vreemdeling is nie alleen iemand wat hulle nie ken of nie goed ken nie, maar ook iemand wat vreemd optree. Kindermolesteerders is dikwels vriendelik en selfs bekend aan die kind.
3. Die kind het die volste reg om betasting van sy private liggaamsdele deur enigiemand te weier.
4. Die volgende drie goue reëls moet altyd nagekom word:
 - Sê: "Nee!"
 - Gaan weg! (Hardloop weg).
 - Vertel vir iemand!
5. Reëls is nie boeie nie, maar is bedoel om veiligheid te verseker. Reëls by die huis en skool verseker veiligheid en moet gehoorsaam word.
6. Alle aanraking is nie sleg nie, maar die kind het die reg om te kies. As jy wil, mag iemand wat jy goed ken en vir wie jy lief is, jou 'n drukkie gee.

AANBIEDING

1. Gee vooraf aan die ouers kennis dat die onderwerp met die span behandel gaan word en verkry hulle toestemming.
2. Bring die bogenoemde feite in 'n gesprek by die kind tuis. Die hulp van 'n kenner kan verkry word om die onderwerp aan te bied as die offisier ongemaklik daarvoor voel.
3. Speel geheuespeletjies met die span en ontwikkel sodoende ook hulle waarnemingsvermoë byvoorbeeld identifikasie van motors, nommerplate. Leer hulle ook om op te let na uitstaande kenmerke soos byvoorbeeld 'n litteken.
4. Ontwikkel 'n goeie vertrouensverhouding met die span sodat hulle maklik 'n probleem sal stel, want almal het nie ouers wat luister nie.
5. Die volgende publikasies en instansies kan gebruik word en om hulp genader word:
 - SA Polisiediens se Kinderbeskermingseenheid.
 - *I'ts OK to say NO*. Uitgee deur Peter Haddock Limited, Bridlington UK.
 - *Tiener Treffer* (beskikbaar by die Voortrekkerdepot).
 - Welsyns organisasies soos CMR en Kindersorg. Predikante en sielkundiges kan ook geraadpleeg word.

5 KAMPERING EN DIE SKUIFKNOOP

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die doel en wyse van kampering.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te leer om die skuifknoop selfstandig te kan maak.

INHOUD

1. Wat is 'n kamp?
 2. Wat doen ons op 'n kamp?
 3. Waarom kamp ons?
 4. Die skuifknoop.
-

5.1 WAT IS 'N KAMP?

Die kinders van vandag het al almal op een of ander wyse kennis gemaak of kennis geneem van kampering. Die begrip sal dus nie vreemd wees nie. Wat egter wel gaan verskil, is die feit dat hulle ouers nie saamgaan nie en dat die kind verantwoordelik is vir sy besittings en homself. Dit kan ook wees dat dit die eerste keer is wat hy sonder sy ouers of die eerste keer in 'n relatiewe vreemde groep, op 'n vreemde plek moet uitslaap.

5.2 WAT DOEN ONS OP 'N KAMP?

Die grootste aanpassing is seker dat dit nie net speel en baljaar is nie maar dat elke kind moet inpas in 'n program met 'n bepaalde tydskedule. Bepaal wat met die kamp bereik moet word, beplan deeglik en verduidelik vooraf aan die span wat alles gedoen gaan word. Reël onder andere dat elkeen 'n bordesakkie vir sy eetgerei het. (Dit bou spangees as die hele span se bordesakke van dieselfde materiaal gemaak is.) Daar is geleentheid vir spoorsny, vuurmaak, om die veld te leer ken en nog veel meer. 'n Kamp bied veral geleentheid om graadwielwerk te doen en om die span nader aan die natuur en aan God te bring, asook om te leer om met ander saam te werk en nie altyd elkeen sy sin te kry nie.

5.3 WAAROM KAMP ONS?

- Om ons maats beter te leer ken.
- Om saam met maats dinge te doen.
- Om sonder ouers se hulp klaar te kom.
- Om in 'n tent te slaap en kampkos te eet.
- Om die veld en die natuur te beleef en te leer liefkry.
- Om Voortrekkerwerk te doen.

AANBIEDING

1. *Dit is nie nodig dat die span al hierdie redes onthou nie. Dit kan tydens 'n spanvergadering deur middel van gesprekvoering verduidelik word. Die spanlede se voorstelle en verwagtings moet ook in ag geneem word en daar sal ook vrese wees wat aandag moet geniet soos omstandighede dit vereis.*
2. *Verduidelik die doel van die bordesakke en reël dat iemand vir elkeen een maak.*
3. *Laat elke kind na die kamp 'n foto van die kamp in sy werkboek plak.*

5.4 DIE SKUIFKNOOP

Gee die opdrag dat elkeen 'n klompie stokkies bymekaar moet vasbind. Doen dieselfde, maar gebruik die skuifknoop. Laat hulle nou die hout dra en kyk wie se bondeltjie uitmekaar val. Wys nou die een wat met die skuifknoop vasgebind is en hoe maklik die stewige knoop loskom.

Die maklikste knoop wat 'n Voortrekker kan aanleer, is die skuifknoop. Dit word die meeste gebruik. Dit kan gebruik word wanneer jy 'n pakkie vasmaak, om 'n verband mee vas te maak, wanneer jy met toue 'n draagbaar maak en op nog baie ander plekke.


AANBIEDING:

1. Vir graad een lede is dit wenslik om eers met 'n dikker tou te werk en dan net 'n voorbeeld met 'n dun tou te maak om in die werkboek te plak.
2. Gebruik ook die snit op die CD "Vir Magrietjies, Raasblare en Bokwaens" om die skuifknoop maklik aan te leer. Hierdie CD is by die Voortrekkerdepot beskikbaar.
3. Merk een punt van die tou met verf of kleursel en hou daardie punt byvoorbeeld in die regterhand.

Die Voortrekkers sowel as ander mense, gebruik die knoop seker die meeste van alle knope, nie alleen in Voortrekkerwerk nie maar in die daaglikse lewe.

Dit is 'n knoop wat baie gebruik word om twee ewe dik toue te las. Dit kan gebruik word om pakkies op te maak, hout vas te bind, skoenveters vas te maak en by noodhulp om verbande vas te maak.

Die knoop is stewig en netjies, maar is tog onbetroubaar wanneer die twee toue baie in dikte verskil en ook wanneer die toue nat is.



Metode:

1. Neem 'n punt van die tou in elke hand.
2. Kruis die punt in die regterhand oor die punt in die linkerhand en draai een keer om, trek vas.
3. Kruis nou weer die punt van die tou in die linkerhand oor die punt in die regterhand en draai weer een keer om. Trek weer vas.

Wenk: Hierdie versie help. Regs oor links en vleg dit om en links oor regs en vleg dit om. Trek dit vas. Jy is baie slim en glad nie dom.

Losmaak van 'n skuifknoop.


Hou die skuifknoop met albei hande, soos onder.

Trek die twee punte wat in die linker hand (of regterhand) is.

Die twee punte wat jy getrek het, span nou styf tussen jou hande en die lus hang los oor die styfgespande tou.

Trek (skuif) die tou deur die slap lus.

Hierdie dien ook sommer as 'n toets of die knoop reg gemaak was.



EK AS VOORTREKKER

1 DIE VOORTREKKERS.

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die herkoms van die naam, *Die Voortrekkers* te leer.
2. Om die Penkop en Drawwertjie die toekomsgerigtheid van die Beweging te laat besef.

INHOUD

Die naam van ons Beweging.

1.1 DIE OORSPRONG VAN DIE NAAM

Meer as honderd en vyftig jaar gelede (1836 – 1838) het groepies Boere met hulle ossewaens, vee en familie hulle plase in die Kaapkolonie verlaat om 'n nuwe woonplek te gaan soek waar hulle vry kon wees. Hulle het noordwaarts getrek na wat ons vandag KwaZulu-Natal, die Vrystaat en Transvaal (Gauteng, Limpopo, Mpumalanga en Noordwes) noem.

Die boere was ontevrede omdat hulle vee gesteel is, die inboorlinge hulle mense vermoor het en die regering van die Kaapkolonie aan hulle geen hulp wou verleen nie. Dit was nie vir hulle maklik om al hulle besittings agter te laat en na 'n onbekende binneland te trek nie. Daar was geen paaie nie. Oor hoë berge, deur die diep riviere en tussen bosse deur moes hulle 'n pad soek. Gevaarlike wilde diere soos leeu en olifante was volop en swart stamme het hulle gedurig aangeval.

Vandag reis ons met vliegtuie, motors en treine en bereik ons bestemming vinnig. Vir die Voortrekkers van die Groot Trek (meer as honderd en vyftig jaar gelede) was dit nie so maklik nie, want hierdie soort vervoer het toe nog nie bestaan nie. Hulle het slegs die ossewa gehad.

Die ossewa was al huis wat hulle geken het. As hulle nie getrek het nie, het hulle uitgespan en met die waens laer getrek om veilig te wees. As hulle siek geword het, moes hulle hulself dokter en medisyne was baie skaars. Kos was ook skaars, maar gelukkig kon hulle goed perdry en skiet en het hulle bokke vir vleis en biltong geskiet.

Die belangrikste was egter dat hulle die Here gedien het en op Sy leiding vertrou het. Voor op die wa in die wakies het hulle die Bybel gebêre en elke oggend en aand daaruit gelees wanneer hulle godsdiens gehou het. Dit was die Voortrekkers wat ons pragtige land vir ons bewoonbaar gemaak het.

Omdat hierdie voorouers van ons so dapper was, is 'n monument in Pretoria opgerig om hulle te eer. Die naam van die monument is dan ook: die Voortrekkermonument.

Nou weet ons waarom Vader Visser hierdie mooi naam van *Die Voortrekkers* aan ons Beweging gegee het. Hy het gehoop dat ons ook net soos die Voortrekkers van ouds die Here sal dien, dapper en eerlik sal wees en hard sal werk vir ons volk en land.

Ons strewe moet dan ook wees om die deugde en ideale van ons voorouers ons eie te maak en ons lewe en wandel moet so wees dat die Voortrekkerbeweging ook 'n monument tot eer van hulle sal wees.

AANBIEDING

1. Vertel van die herkoms van die naam van Die Voortrekkers aan die hand van bostaande inligting en laat hulle die sketse in die werkboek inkleur.
2. Laat die kinders een van die volgende liedjies aanleer: *Daar kom die wa, Aanstap rooies, Dis lekker by die Voortrekkers en die Voortrekkerlied (Hou Koerslied) se eerste vers.*

2 DIE VOORTREKKERS - ONS SPAN

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bloot te stel aan die rol en funksies van 'n leier.
2. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die struktuur, funksionering en rangkentekens van *Die Voortrekkers*.

INHOUD

1. Spanleier.
2. Adjunkspanleier.

Dit is so dat oral in die samelewing rangstrukture is en by *Die Voortrekkers* begin ons reeds in graad een om dit by die kind tuis te bring. Een van die doelstelling van *Die Voortrekkers* is die ontwikkeling van leierskap. Deur aan spanlede bepaalde take te gee, is ons reeds daarmee besig.

AANBIEDING

1. *Besluit hoe u 'n spanleier vir die span gaan aanwys. Daar is drie moontlikhede en al hierdie metodes het voor- en nadele. 'n Verkiesing. Wys een aan. Roteer en gee elkeen 'n beurt.*
2. *Laat die kind die name van die kommando se jeugleier, die spanleier en die adjunkspanleier in die werkboek invul.*
3. *Neem 'n spanfoto en plak dit in die werkboek. Dit kan ook groot pret wees indien hulle hulself teken en die name invul.*
4. *Vertel in eenvoudige taal aan watter vereistes 'n leier moet voldoen, byvoorbeeld getrouheid, gehoorsaamheid, ywer.*
5. *Lê nou reeds baie klem op die verantwoordelikhede wat leierskap meebring.*
6. *Behandel die onderwerp nie slegs eenmaal nie, maar skaaf dwarsdeur die jaar aan die leiers wat u besig is om vir môre te vorm.*
7. *Gee aan die ander spanlede ook geleenthede om as leier op te tree byvoorbeeld sangleiding, by spoorsny of as 'n vuur gemaak of enige ander taak verrig word.*
8. *Spel die taak van die leier deeglik uit, aangesien daar 'n persepsie bestaan dat 'n leier slegs bevele gee en self niks doen nie.*
9. *Verduidelik dat persone in leiersposisies is en die nodige kentekens dra. Beklemtoon dat lojaliteit aan hulle verskuldig is, maar ook dat elke spanlid sekere leierseienskappe besit wat ons moet help ontwikkel.*
10. *Gee duidelike en aparte opdragte aan die spanleier en adjunkspanleier.*
11. *Nooi die kommando-jeugleier(s) om die spanbyeenkoms by te woon. Laat hy/sy voor die span staan saam met die spanleier en adjunkspanleier. Verduidelik hoe elkeen in die struktuur inpas. Noem hulle name, wys die rangkentekens en meld die rang.*
12. *Verduidelik dat elke span se spanleier deel vorm van die Penkop- en Drawwertjieraad met die kommando-jeugleier as die raad se voorsitter.*
13. *Verduidelik wat 'n rangkenteken is en waarom 'n klokkie gebruik word. (Die voorbok by 'n trop dra die klok sodat die trop hom kan hoor en volg.)*

3 SEREMONIE VAARDIGHEDE

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die plesier van “ek kan dit doen” te laat ervaar.
2. Om die Penkop en Drawwertjie ‘n trots vir ons Beweging te leer.

INHOUD

1. Waarom vlagseremonies?
 2. Wenke vir die aanleer van seremonievaardighede.
 3. Bewegings vir graad 1.
-

3.1 WAAROM VLAGSEREMONIES?

1. Vlagseremonies is ons manier om eerbied en respek aan ons simbole te betoon.
2. Vlagseremonies, soos ander seremonies, help om ‘n besondere trots te kweek by jeuglede teenoor hul land, hul Beweging, hul span en hulself.
3. Vlagseremonies aan die begin en/of einde van ‘n Voortrekkeraktiwiteit bied die geleentheid tot ‘n ordelike begin en afsluiting. Dit dra ook by tot ‘n ordelike program wat na en voor so ‘n seremonie plaasvind.
4. Netjies afgeronde vlagseremonies kan ‘n goeie advertensie wees van die gehalte werk wat in die kommando of span gedoen word.

3.2 WENKE VIR DIE AANLEER VAN SEREMONIE-VAARDIGHEDE

1. ‘n Offisiere moet voorbereid wees en die bewegings self korrek kan uitvoer of iemand kry om dit namens hom aan te bied.
2. Stel die groep op in 'n vierkant waarvan die een sy oop is, daar staan die aanbieder. Die vierkant word so gedraai dat die gesig van die aanbieder na die son is, sodat die son nie die kinders pla nie.
3. Verduidelik eers wat die doel van die beweging is en gee dan 'n volledige demonstrasie hoe die beweging moet lyk. Vermy die noem en wys van verkeerde optredes, dit het die neiging om eerder vas te steek as die regte optrede.
4. Die ouderdom van die groep sal die spoed bepaal waarteen die groep die bewegings aanleer.
5. Sommige kinders sukkel met hand-oog koördinasie en moet ekstra aandag kry. Moet egter nie die kind uitsonder ten aanskoue van die ander nie. Stap liever saam met hierdie kind, gesels en begin jy as offisier jou arms swaai sodat die kind dit saam met jou doen en hy uiteindelik sonder inspanning marsjeer.
6. Prys kinders met die vordering wat hulle maak en bevestig ook gereeld waarom hulle dit moet aanleer.
7. Hersien vorige bewegings voordat die nuwes aangeleer word.
8. Moenie meer as twee bewegings op 'n keer probeer aanleer nie. Maak seker dat elkeen elke beweging behoorlik onder die knie het voordat aangegaan word na die volgende.
9. Seremonieële vaardighede moet gereeld geoefen word anders word dit verloor. Kort, maar gereelde oefensessies toon beter resultate as 'n lang sessie. Hou op terwyl dit nog lekker is.
10. Sodra die kinders die bewegings onder die knie het kan dit saam met musiek uitgevoer word. Die resultaat is baie bevredigend en die kinders geniet dit.

11. Kinders geniet vlagseremonies meer as hulle dit behoorlik kan doen. Maak dus seker dat geleentheid vir oefening geskep word.
12. Gebruik die vaardighede tydens ander seremonies ook sodat die kinders die waarde daarvan beleef en die genot van geordende bewegings kan ervaar.

Alles wat goed gedoen word verskaf genot, is aansteeklik en motiverend.

3.3 BEWEGINGS VIR GRAAD EEN

Aandag.

Die bevel klink so: "A--a--n-dag"

Die "aan" gedeelte laat jou luister, op die "dag" gedeelte word die volgende beweging uitgevoer:

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit jou linkervoet flink langs jou regtervoet neer.
- Almal se voete kom presies gelyktydig op die grond neer sonder om dit te stamp.
- Die arms beweeg gelyktydig na die sye.
- Die gewig is nou op albei voete.
- Die vingers is gebuig maar nie gebal nie.
- Die houding:
 - Liggaam is regop.
 - Kop regop en kyk reguit vorentoe.
 - Skouers is nie opgetrek nie maar effe na agter en die bors stoot natuurlik uit.
 - Die arms hang reguit van die skouers af.
 - Elmoë is teen die sye en die gewigte is reguit.

Die "aandag" posisie word gebruik waar 'n groep netjies moet aantree en/of respek moet betoon.

Op die plek rus

Die bevel klink so: "Op die pl--e--k rus"

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit die linkervoet 'n entjie van die regtervoet af neer.
- Die gewig is op albei voete.
- Almal se voete kom gelyktydig op die grond neer sonder om te stamp.
- Saam met die voete beweeg die hande met die kortste pad na agter die rug.
- Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand die regterduim is oor die linkerduim gekruis.
- Die houding is nou:
 - Die arms is gestrek agter die rug en die bene is reguit.
 - Die tone is effe na buite gedraai.
 - Kop regop en kyk vorentoe.
 - Die liggaam is nog steeds gestrek en flink.

"Op die plek rus" word gebruik om die groep tydens 'n seremonie gemaklik maar tog netjies te laat staan.

4 DIE VOORTREKKERKODE

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie te veranker in dit waarvoor *Die Voortrekkers* staan. Christenskap, Afrikanerskap en Burgerskap.

INHOUD

1. Inleiding.
 2. Vyf reëls van die Voortrekkerkode.
-

4.1 INLEIDING

Enige lewende wese se voortbestaan hang af van 'n bepaalde patroon of reëls waarvolgens en waarbinne hy in harmonie met sy soort en andersoortiges kan saamleef. Daarom is daar wette in elke land en reëls in elke skool en huis. Die Voortrekkerbeweging het 'n kode (doelstellings) waarvolgens hulle probeer leef.

'n Kode is 'n stel reëls en prosedures wat onderling deur die lede van 'n bepaalde stand, groep, vereniging of beweging erken word. Deur die reëls getrou na te streef en uit te leef word die doel van die beweging bereik.

Alles wat ons in *Die Voortrekkers* met die kinders doen of vir hulle leer moet aan een van die reëls van die Kode gekoppel kan word. So sal die kinders en offisiere leer dat die Kode eintlik 'n leefwyse is.

Die Voortrekkerkode is 'n vereenvoudigde weergawe van die doelstellings van die Beweging. Opsommend praat ons ook van die ABC van *Die Voortrekkers*. Al die reëls van die Kode wat handel oor Afrikanerskap sal deel vorm van die A, alle reëls wat gemik is op Burgerskap sal die B uitmaak terwyl alle reëls wat handel met ons Christenskap die C komponent uitmaak.

Die kinders en offisiere moet nie net die Kode ken nie, maar moet dit ook uitleef. U het as offisier geslaag wanneer dit 'n werklikheid word. Om te kan slaag moet u voortdurend die kinders se denke en optredes volgens die Kode rig. U aanbiedings moet duidelik uitspel watter reël van die Kode u daarmee wil bereik. Deeglike voorbereiding is noodsaaklik sodat u aanbieding nuwe dimensie kan kry en die spanlede weekliks uitsien na die volgende byeenkoms omdat hulle werklik iets kry wat vir hulle 'n belewenis is. Die ekstra voorbereidingstyd is deur en deur die moeite werd.

4.2 VYF REËLS VAN DIE VOORTREKKERKODE

Die jeuglid maak kennis met vyf maklike reëls van die Kode.

1. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
2. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
3. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
4. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
5. 'n Voortrekker is diensvaardig.

Gebruik elke geleentheid om die Kode by die spanlede tuis te bring.

Die Kode is nie 'n stel reëls wat net uit die hoof geleer moet word nie, maar moet 'n lewenswyse word. Die spanlede se optredes kan voortdurend aan die reëls van die Kode gemeet word.

Verduideliking van die bewoording van die Kode.

1. 'n Voortrekker moet so lewe dat sy ouers, offisiere en die Here trots op hom kan wees.
2. 'n Voortrekker moet gehoorsaam wees aan die mense soos sy ouers, onderwysers en offisiere wat oor hom gestel is.
3. 'n Voortrekker is lief vir die diere en plante en beskadig nie die natuur nie.
4. 'n Voortrekker moet kyk wat rondom hom gebeur en mooi oplet wanneer iets verkeerd gaan sodat hy die mense wat betrokke is kan waarsku.
5. 'n Voortrekker moet altyd ander wat hulp nodig het help.

AANBIEDING

1. *Doen verkieslik een reël per byeenkoms. Vra die ouers om te rapporteer hoe die kind die week se reël tuis toegepas het.*
2. *Die verduideliking van die bepalings van die Voortrekkerkode moet so eenvoudig en kort moontlik wees. Praat die taal van die Penkop en Drawwertjie, vermy groot woorde wat hy agterna kan sê, maar nie weet wat dit beteken nie.*
3. *Dit is baie meer waardevol as u die betekenis van elke reël in storienvorm kan verduidelik. As u telkens dieselfde karakter gebruik, sal die Penkop en Drawwertjie dit nooit vergeet nie. U kan hier gebruik maak van 'n poppekas, handskoenpoppe, of 'n tuisvideo wat u self gemaak het.*
4. *Penkoppe en Drawwertjies identifiseer hulle graag met aanvaarbare fiktiewe karakters.*
5. *Gebruik storieboeke vir idees en gee u skeppingsdrang vrye teuels.*

5 VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL

DOEL


1. Om die Penkop en Drawwertjie groepsgebondenheid deur middel van drag te laat ervaar.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n trots vir die drag van die Beweging te kweek.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die begrip van die sinvolle gebruik van kleur vir uitkenning aan te leer.

INHOUD

1. Voortrekkerdrag
2. Kleurstelsel

5.1 VOORTREKKERDRAG

- Moedig die kinders, deur u voorbeeld, aan om met elke byeenkoms minstens hulle aktiewedrag aan te trek. (die golfhemp met die geborduurde Voortrekkerwapen en 'n donkerblou broek of romp).
- Maak by elke byeenkoms seker dat u en u span volgens voorskrif geklee is.
- Skep geleentheid vir die dra van formele drag. (die aktiewe drag met die erkenningsbaadjie bo-oor).
- Kontroleer gereeld of die kentekens op die erkenningsbaadjies korrek aangewerk is.
- So kan die baadjie aan die einde van graad 1 lyk.



**Laat 10mm spasies
tussen kentekens.**

5.2 KLEURSTELSEL

AGTERGROND INLIGTING VIR DIE OFFISIER

In *Die Voortrekkers* gebruik ons 'n kleurkode as uitkenningshulpmiddel. Die kleure het 'n bepaalde volgorde sodat, wanneer jy die kleure se rympie ken, kan jy self diensjare, graadwiele, range en toekennings uitwerk.

Die kleurvolgorde is:

1. Oranje	2. Groen	3. Blou	4. Rooi	5. Silwer	6. Goud
-----------	----------	---------	---------	-----------	---------

1. Die graadwielboekies en die offisiere se handleidings volg bogenoemde kleurpatroon en daarmee saam die graadwiele wat die kinders ontvang na voltooiing van die werk in die boekie;
2. So ook die skeie en jukke wat die lede vir getroue bywoning ontvang.
3. Die rangkentekens van die Penkoppe en Drawwertjies is oranje terwyl die Verkenners se rangkentekens groen is.
4. Die rangkentekens van die offisiere volg dieselfde patroon:
 - Veldkornet en adjudante se kompas is groen.
 - Kommandodagbestuur se kompas is blou.
 - Oorddagbestuur se kompas is rooi.
 - Gebiedsdagbestuur dra silwer wiele.
 - Hoofdagbestuur dra goue fakkels.

Aan die einde van die jaar in graad een kan die kind twee kentekens ontvang.

- 'n **oranje skei** vir getroue bywoning indien dit sy eerste jaar as Voortrekker is of 'n **groen skei** indien dit sy tweede jaar as Voortrekker is. Die groen skei vervang die oranje skei. Daar word dus slegs eenn skei op die erkenningsbaadjie gedra.
- 'n **oranje graadwiel** as hy die werk, wat in die boekie voorkom, bevredigend en volledig afgehandel het.

Albei hierdie artikels wat as die kentekens gebruik word, dateer uit die tyd van die Groot Trek. Gebruik prente om vir die kind te wys waar elkeen van die artikels wat as die kenteken voorkom, oorspronklik gebruik is.

Die skei is 'n stuk hout wat so gekerf was dat dit in die juk kon pas. Die skei het die naam gekry omdat dit die osse van mekaar moes skei. Die juk is op twee osse se skowwe neergelê en skeie is aan weerskante van elke os se kop deurgestoot. Die skeie het dan verseker dat die osse die afstand tussen hulle behou. Aan die een kant van die skei is kepe ingesny waar die strop (riem) ingehak is om onder die os se nek te kon deurgaen na die ander skei.

Die wiel van die kakebeenwa was van hout gemaak met 'n ysterband wat alles bymekaar en stewig moet hou, rondom. Die wiele moes stewig en sterk wees sodat dit 'n swaar vrag kan dra. Die voorwiel bepaal die rigting en kan van rigting verander wanneer dit moet.

Dit is juis die voorwiel wat as kenteken vir elke jaar se leerplan gebruik word omdat dit wat die Voortrekker beleef en leer, soos die wiel, bepalend kan en behoort te wees op die lewensrigting wat hy sal volg.

Die wiel op ons Voortrekkerdrag bewys dat daar voortdurend beweging is en aanpassings in die kind se lewe gemaak word om hom sodoende op die regte koers te plaas om waarlik 'n ABCmens te kan wees.

6 SANG

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van saamsing te laat ervaar.
 2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n gevoel van samehorigheid te laat ontwikkel.
 3. Om aan die Penkop en Drawwertjie gesagsaanvaarding en selfdisipline aan te leer.
-

6.1 ALGEMENE NUT VAN SANG

Sang kan gebruik word:

- Om atmosfeer te skep.
- Om te dien as oorgang tussen twee aktiwiteite.
- As afwisseling wanneer die groep se aandag begin dwaal.
- As 'n uitlaatklep vir "besige" kinders.
- As 'n hulpmiddel tot vaslegging van teorie.
- Om gees te bou.
- Om informele leierskap te ontwikkel en uit te bou.
- Om lewenswaarhede oor te dra.

6.2 WENKE VIR DIE OFFISIER

1. Dit word sterk aanbeveel dat elke kind 'n hardebladboek aanskaf waarin elke jaar se liedjies geplak kan word.
2. Die liedjies moet pas by die kind se begripsvermoë en waar moontlik, aansluiting vind by die werk wat hulle behandel.
3. Sang kan gebruik word om die spanbyeenkoms mee te begin, af te sluit of as afwisseling tussen die werksaamhede van die dag.
4. As dit moeilik is om die groep aan die sing te kry of op die noot te hou, maak gebruik van 'n CD- of bandspeeler om die musiek te speel terwyl gesing word. Daar kan selfs saam met die sanger gesing word.
5. Gebruik liedjies soos die wat Carika Keuzenkamp en andere sing.
6. Maak veral gebruik van aksieliedjies.
7. Kitaar- of klavierbegeleiding kan ook gebruik word.
8. Wissel die sang af met beweging. Byvoorbeeld: sit soms vir 'n liedjie, staan die volgende keer, haak bymekaar in, huppel of wieg heen en weer of klap op maat van die musiek. Maak dit 'n heerlike ervaring vir die groep.
9. Sang is belangrik tydens kampe en selfs ook terwyl die groep in 'n bus of motor ry.
10. Maak voorsiening vir sang tydens die weeklikse spanbyeenkomste al is dit net vir 5 minute.

6.3 SANG VIR GRAAD EEN

Gedurende die jaar moet minstens: **twee** Geestelike- en **drie** Voortrekkerliedjies aangeleer word.

7 SPELE

DOEL

1. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n gevoel van samehorigheid te laat ontwikkel.
2. Om aan die Penkop en Drawwertjie gesagsaanvaarding en selfdissipline te leer.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van prestasie en saamspeel te laat ervaar.

INHOUD

1. Algemene nut van spele.
 2. Wenke vir die Offisier.
 3. Spele vir graad een.
-

7.1 ALGEMENE NUT VAN SPELE

Spele kan gebruik word:

- Om groepsgees te skep.
- Om te dien as oorgang tussen twee aktiwiteite.
- As afwisseling as die groep se aandag begin dwaal.
- As 'n uitlaatklep vir "besige" kinders.
- As 'n hulpmiddel tot vaslegging van teorie.
- Om informele leierskap te ontwikkel en uit te bou.

7.2 WENKE VIR DIE OFFISIER

1. Enige bordspel kan nuttig omgeskakel word vir Voortrekkerwerk.
2. Onthou dat bordspele binnehuis gebruik kan word wanneer die weer byvoorbeeld sleg is.
3. Maak voorsiening vir spel tydens die weeklikse spanbyeenkomste.
4. Gebruik spele tussen ander aktiwiteite sodat dit steeds vir die kinders lekker bly.

7.3 SPELE VIR GRAAD EEN

Gedurende die jaar moet minstens **vier** speletjies aangeleer word. **Geen** elektroniese speletjies nie.

AANBIEDING

1. *Maak veral gebruik van speletjies met baie beweging.*
2. *Wanneer u speletjies kies, hou in gedagte dat kinders op die ouderdom nie graag verloor nie, veral nie as hy as enkeling uitgesonder word nie.*
3. *U neem die leiding en tree as rolmodel op.*

EK AS AFRIKANER

1 KINDERHELDE – RACHELTJIE DE BEER

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie aan die verhaal van Racheltjie de Beer bekend te stel.

INHOUD

Die verhaal van Racheltjie de Beer.

1.1 RACHELTJIE DE BEER

Racheltjie het saam met haar ouers en boetie op 'n plaas aan die Transvaalse kant van die Drakensberge oorgestaan terwyl hul vader nog besig was om geskikte grond vir 'n plaas te soek. Die deel is een van die koudste streke in die hele bewoonde Suid-Afrika.

Die laatmiddag toe die vee huis toe kom, was daar 'n kalfie weg. Racheltjie en haar pa het in verskillende rigtings gegaan om na die kalfie te soek. Die boetie wou saam en met sy handjie styf in die van Racheltjie is hulle daar weg. Hulle het fluks gevorder, hoewel hulle niks gekry het nie, totdat die nag hulle oorval het. Buitendien was daar die hele middag al 'n storm aan die broei wat nou met volle geweld van reën en vloe sneeu losgebars het. Die seuntjie kon nie meer stap nie en Racheltjie moes hom dra. Sy het ook moeg geword en het begin om skuiling te soek. Al wat sy kon kry was 'n miershoop wat sy toe met 'n skerp klip begin uithol het, net soos haar ma haar geleer het wanneer hulle 'n veldoond moes maak om brood te bak.

Nadat sy met koorsagtige haas die miershoop voorberei het en haar wol onderhemp en van haar ander klere ook nog vir haar broertjie aangetrek het, het sy hom versigtig, diep in die miershoop laat inkruip. Die meisie het met haar rug styf teen die opening in die miershoop gaan lê om die storm nog verder van haar boetie af te keer.

Die volgende oggend met ligdag en toe die weer weer kalmer was, het haar mense hulle daar gekry. Racheltjie was lankal reeds dood van die koue, maar haar boetie het oorleef om die verhaal te kon vertel.

AANBIEDING

1. *Moenie die verhaal aan die span voorlees nie, maar vertel dit as 'n storie of dra die inligting oor deur middel van handskoenpoppe of gebruik 'n poppekas.*
2. *Laat die span 'n monument vir Racheltjie ontwerp en bou. Gips, klei, hout of selfs papiermache kan gebruik word.*
3. *Laat elke spanlid die storie van Racheltjie se heldedaad in sy werkboek inkleur.*
4. *Laat elke spanlid vir Racheltjie se ouers help om haar deur die doolhof in die miershoop op te spoor.*
5. *Speel die verhaal van Racheltjie wat op die CD oor kinderhelde by die Voortrekkerdepot beskikbaar is, voor.*

2 MY TAAL

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie te help om goeie en suiwer Afrikaans te praat.

INHOUD


My taal.

Die oefening oor dieregeluide in die kind se werkboek het ten doel om 'n gespreksgeleentheid te skep en om sy taalvermoë te verbreed.

Met die volgende oefening in die handleiding wil ons aan die kind die geleentheid gee om sy eie storie te vertel vanaf die prentjies wat beskikbaar is.

AANBIEDING

1. *Laat die kind die opdrag oor dieregeluide in die werkboek voltooi.*
2. *Kopieer die volgende bladsye op stewige papier.*
3. *Knip die prente los van mekaar.*
4. *Laat die kind die prente in die volgorde van sy storie in die blokkies pak en sy storie vertel.*
5. *Gee op hierdie manier elkeen geleentheid om sy eie storie in **goeie, beskrywende Afrikaans** te vertel*



1	2
3	4
5	6

EK AS LANDSBURGER

1 DIE GESKIEDENIS VAN ONS VOLK EN LAND.

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die eerste Westerlinge wat aan die Suid-Afrikaanse kus geland het.
2. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die metode (die Padrão) wat gebruik is om aan te dui dat die Portugese eerste aan die suidpunt van Afrika geland het.

INHOUD

1. Bartolomeu Dias.
2. Gedenktekens
 - Dias-standbeeld in Kaapstad.
 - Posboomkompleks in Mosselbaai.
 - Padrão (kruis) te Kwaaihoek. (dit word uitgespreek as padraom).

1.1 BARTOLOMEU DIAS

Dias was 'n Portugese seevaarder wat baie lank gelede 'n ver land, Portugal, met drie skepe verlaat het. Die bootjies was maar klein en swak. Hulle het ook nie enjins gehad nie, maar seile. Die wind het teen die seile gewaai en dan het die bootjie vorentoe beweeg. Dit het baie stadig gegaan, want as die wind nie gewaai het nie, het die bootjie doodstil gelê. Omdat dit so stadig gegaan het, het hulle baie lank op die see gebly en dan het hulle kos opgeraak of van die matrose het siek geword.

Toe Dias naby ons land kom, was daar sterk suidewinde wat hulle net wou terugwaai. Dit was moeilik om teen die suidewinde te vaar en Dias het gesê dat hulle die oop see moet invaar. 'n Paar dae later het hy die skepe beveel om ooswaarts te vaar maar hy het geen land gevind nie.

Eers toe hulle noord gevaar het, het hulle weer Afrika se kus gesien. Dias het onwetend by die suidpunt van Afrika verbygevaar. Hulle het veewagters met baie beeste gesien en noem die baai "Veewagtersbaai". Dit is waarskynlik die huidige Visbaai. Hulle het vars water nodig gehad en gaan aan land waar Mosselbaai vandag is. Die inheemse bevolking (Khoi) was bang vir die vreemdelinge en het die binneland in gevlug. Later het hulle nader gekruip en Dias en sy manne met klippe bestook. Dias het een met sy kruisboog doodgeskiet.

Dias het verder gevaar en troppe beeste en veewagters gesien. Hier het hulle aan land gegaan by 'n plek wat hulle die Bahia da Lagoa noem het. Die naam is later verdraai tot Algoabaai (tans Port Elizabeth). Die matrose was siek en het gevra dat Dias moet terugkeer na Portugal. Dias en sy raadgevers het besluit om nog twee of drie dae verder te vaar en as niks belangriks opduik nie, terug te draai. Hulle het tot by "Kwaaihoek" by die Groot Visrivier gevaar en daar 'n padrão (kruis) opgerig.

Met die terugreis het hulle weer Algoabaai aangedoen en op 16 Mei 1488 het die seevaarders die mees suidelike kaap van Afrika gesien. Op hierdie tydstip het die kompasnaald reg noord gewys en hulle doop die plek Kaap Agulhas (Kaap van die Naalde). Hulle het verder gevaar tot by Valsbaai wat hulle die "Baai van die Berg" genoem het en by die Cabo da Boa Esperanza (Kaap die Goeie Hoop) het hulle nog 'n padrão (kruis) opgerig. Hulle het Tafelbaai nie gesien nie, omdat hulle in die nag daar verbygevaar het. In Desember van daardie jaar was hulle terug in Portugal.

AANBIEDING

1. *Moenie die verhaal vir die span lees nie, maar vertel dit. Die hoeveelheid besonderhede wat u gaan byvoeg, sal deur die span bepaal word.*
2. *Kyk na die prentjie van die seilboot in die werkboek en verduidelik die verskillende dele soos die mas, die seile en die boeg.*
3. *Gebruik 'n kaart om die kuslyn aan hulle te wys.*
4. *Vou seilbootjies uit papier en hou 'n kompetisie om dit oor 'n swembad of groot bad water te laat vaar deur op die seile te blaas.*
5. *Elke spanlid kan sy eie kruis uit stokkies maak en in gips of klei plant.*

1.2 GEDENKTEKENS

DIAS-STANDBEELD IN KAAPSTAD

'n Bronsbeeld deur die Portugese beeldhouer, prof. Salvador Barata Foyo, is deur die Portugese regering aan die destydse Unie van Suid-Afrika geskenk. Dit is in Maart 1960 in die Kompanjies tuin in Kaapstad onthul.

Aan die onderpunt van Adderleystraat in Kaapstad staan nog 'n standbeeld van Dias. Die mense van Portugal het die beeld geskenk.

POSBOOMKOMPLEKS TE MOSSELBAAI

Voor Jan van Riebeeck die eerste blanke nedersetting aan die Kaap gevestig het, het skepe van verskeie lande wel by die Kaap aangedoen om vars water te kry en ander voorrade van die inheemse bevolking te ruil. Die kapteins en van die bemanningslede het dan dikwels briewe onder groot klippe (met 'n gepaste inskripsie) gelaat. Die pos is deur ander skepe teruggeneem na Europa of na die Ooste toe. Tans vorm die Maritieme museum deel van die Posboomkompleks. Daar kan interessante inligting bekom word.

Die gebruik om briewe in gepikte seildoek of lood toe te draai en onder gegraveerde klippe te bêre het blykbaar gedurende die sestiende eeu ontstaan. Van hierdie "poskantoor klippe" is aan die onderpunt van Adderleystraat waar 'n stroom water in die sewentiende eeu in die see geloop het, gevind. Ander klippe met inskripsies is by Mosselbaai en Plettenbergbaai gevind, maar dit kan nie bewys word dat hulle as posklippe gebruik is nie.

Sover bekend, is die vroegste gereelde posverbindinge in Suid-Afrika dié vanaf die poskantoorboom van Mosselbaai. In 1501 het 'n Portugese skepskommandeur in Mosselbaai 'n brief in 'n ou seestewel aan 'n melkhoutboom opgehang. Die vloot was op pad terug van Indië af en die brief het onder meer 'n beskrywing van die dood van Bartolomeu Dias bevat. Die brief is kort daarna deur 'n skip op pad na Indië opgepik. Hierdie boom is tans meer as 500 jaar oud en is tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar. 'n Posbus in die vorm van 'n stewel is op die perseel aangebring en 'n spesiale datumstempel is voorsien vir stukke wat daar gepos word.

Na 1652 is slegs amptelike stukke van die Kompanjie op sy eie skepe na Nederland en Batavia vervoer, maar die briewe van vreemde skepe is in die sorg van verantwoordelike persone aan die Kaap gelaat om later afgehaal te word deur skepe wat na Europa gevaar het. Dit was 133 jaar lank die enigste vorm van amptelike posverkeer na en van die Kaap. Private briewe moes in die tydperk aan matrose van verbygaande skepe toevertrou word.

PADRÃO (KRUIS) TE KWAAIHOEK

'n Padrão was 'n suil (pilaar) wat van Portugese kalkklip gemaak is met 'n opskrif daarop uitgebeitel. Bo-op was 'n kruis. So 'n padrão het Portugese gesag oor 'n gebied aangekondig en moes dien as baken, sowel as simbool van die Christendom.

Die padrão te Kwaihoek was effens langer as 'n man, met 'n kruis bo-op en 'n drievoudige inskripsie in Latyn, Arabies en Portugees wat verklaar het dat "Dit was in die jaar van Onse Heer Jesus Christus 1488 (en soveel jaar na die geboorte van Christus) wat koning João aan Bartolomeu Dias, die kaptein van sy skepe,

bevel gegee het om hierdie kus te ontdek." In 1938 is Kwaaihoek sonder twyfel as die plek vasgestel waar Dias se verste padrão opgerig is. Die gerekonstrueerde padrão, wat die oudste geproklameerde Suid-Afrikaanse gedenkwaardigheid is, word by die Universiteit van die Witwatersrand bewaar. Prof. Dr. Eric Axelson het die stukke van die oorspronklike padrão ontdek.

AANBIEDING

1. Sorg dat die kinders die regte inligting kry maar moet dit nie voorlees nie. Prente sal baie help om dit meer verstaanbaar te maak.
2. Maak seker dat die span weet hoe 'n padrão lyk.


Naslaanbron

Van Tonder, J J. Bakens langs die pad van Suid-Afrika; Fotobeeld van 300 monumente en gedenktekens.

Ou Geskiedenisboeke van skole.

Wessels Louis. (1988). Bartolomeu Dias. Durbanville: Die kinder-pers.

Video by Nasionale Filmoteek.



Hier is 'n voorbeeld van die kruise wat die Portugese op hulle ontdekkingsreise opgerig het.

2 ONS VLAE

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie vertrouwd te maak met die Nasionale- en die Voortrekkervlag.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te leer om die vlAE korrek te hanteer en te gebruik.
3. Om by die Penkop en Drawwertjie deur middel van 'n spanvaandel 'n groepsgevoel te laat ontwikkel.

INHOUD

1. Die Nasionale vlag.
 2. Die Voortrekkervlag.
 3. Die spanvaandel.
-

2.1 DIE NASIONALE VLAG

SAMESTELLING

AANBIEDING

1. Gee aan die spanlede die geleentheid om die vlag te hanteer. Sorg dat die vlag nie aan die grond raak nie. Laat die spanlede die Nasionale vlag tussen die ander vlAE in hulle werkboek uitken.
2. Noem geleenthede waartydens Voortrekkers die vlag gebruik.
3. Leer die spanlede om self die vlag op te vou en op te rol.
4. Die volgende metode kan gebruik word om die samestelling van die Nasionale vlag tuis te bring:
 - Gebruik 'n flenniebord om die vlagkomponente op te bou.
 - Maak 'n legkaart van die vlag.

GEBRUIKE

Die Voortrekkervlag word saam met die Nasionale vlag gehys by vlagseremonies, Voortrekkerkampe en ander Voortrekkerbyeenkomste.

AANBIEDING

Bespreek met die span waar die Nasionale vlag oral gehys word soos byvoorbeeld by polisiestasies, skole, staatskantore, ambassades en sommige besighede.

VLAGEKODE

Ons as Voortrekkers:

1. Versorg ons vlAE deur dit netjies op te rol en veilig te bêre.
2. Staar op aandag wanneer vlAE gehys of gestryk word.
3. Sing die toepaslike lied saam. Een van die volgende kan gebruik word: Die Nasionale lied, die Vlaglied of Die Stem van Suid-Afrika.

2.2 DIE VOORTREKKERVLAG

SAMESTELLING

Die span weet nou reeds waar die Nasionale vlag gebruik word. Daar is ook skole wat hul eie vlage het wat by die skool gehys word. So 'n skoolvlag toon aan ander mense watter skool dit is. *Die Voortrekkers* het ook sy eie vlag. Wanneer die Voortrekkervlag wapper dan weet ander mense dat die Voortrekkers daar bymekaar is.

Die Voortrekkervlag is 'n baie mooi vlag waarop ons baie trots is. Dit was oorspronklik die vlag van die Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev. M. M. Jansen, voorgestel dat hierdie vlag die vlag van *Die Voortrekkers* moet wees. Mev. Jansen het self die eerste vlag gemaak wat op 30 September 1931 deur generaal Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig is.

AANBIEDING

Die volgende metodes kan ook ten opsigte van die samestelling van die Voortrekkervlag gebruik word:

- *Legkaart: Sny 'n prent van die vlag in sy drie dele (of meer) om 'n legkaart te maak.*
- *Deurrygprent: Teken die vlag op karton en maak gaatjies al met die strepe langs. Laat die kind, met die regte kleur wol, die vlag deurryg.*

DIE VLAGKODE

Die vlagkode bepaal dat:

- die Voortrekkervlag altyd saam met die Nasionale vlag gehys word,
- die Voortrekkervlag net soos die Nasionale vlag versorg en gebêre word en dat
- die Voortrekkervlag altyd regs van die Nasionale vlag sal hang.

AANBIEDING

Laat die kinders die Voortrekkervlag en die Nasionale vlag in die werkboek inkleur.

2.3 DIE SPANVAANDEL

'n Span kan ook 'n spanvaandel hê. Dit gee spanlede 'n eenheidsgevoel en 'n trots wat baie nodig is vir samewerking en motivering. Die amptelike voorskrifte oor die grootte van die vaandel is dat dit 1,7m by 1m moet wees en dat die staf 2,5m lank moet wees. Die vaandel kan by kommando- en spangeleenthede soos: kampe, funksies en saamtrekke, gebruik word. 'n Spanvaandel word nie saam met die amptelike vlage gehys nie, maar word slegs by die kwartiere van die span (spankamers of tente) gebruik. Indien 'n vlagpaal nie beskikbaar is nie, kan 'n vaandel met twee stokke wat in die grond geplant word, ook gebruik word.